# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

11 November 2024

**OMSENDBRIEF 9/2025**

## GEMEENTELIKE BESTELLING: *DIE BOODSKAPPER* 2026

**Aan alle skribas van gemeentes**

Dit word weer dié tyd van die jaar dat gemeentes vir die volgende jaar beplan. Ons beskou hierdie as 'n broodnodige publikasie vir alle gelowiges in Suid-Afrika, in besonder die AP Kerk. Dink spesifiek aan meningsvormers en ander behoudendes in u omgewing en sorg asseblief dat hulle gereeld 'n eksemplaar in die hand kry. Oorweeg dit gerus om hulle op *Die Boodskapper* se toepassing in te teken hulle in om hulle op 'n maandelikse kopie in te teken. *Die Boodskapper* verskyn 10 keer per jaar (dit wil sê: elke maand, behalwe Augustus en Januarie wat saam met die voorafgaande maand verskyn). U kan DV na die volgende temas in 2026 uitsien:

| UITGAWE | TEMA |
|---|---|
| **Februarie** | Dissipline as Bybelse wysheid |
| **Maart** | Tyd |
| **April** | Ruimte en materie (Paasfees) |
| **Mei** | Geestelike groei (Pinkster) |
| **Junie** | Identiteit |
| **Julie/Aug.** | Prominente sendelinge uit die kerkgeskiedenis |
| **September** | Godvresende leierskap |
| **Oktober** | Switserse reformasie |
| **November** | Die verbond |
| **Des./Jan.** | Meer as 'n baba in 'n krip |

**Intekengeld** vir *Die Boodskapper* sluit ook intekengeld vir die jeugblad (*Die Jeugboodskapper*) in. Bepaal die **getal** eksemplare so noukeurig moontlik. Voltooi dan asseblief die elektroniese bestelvorm vóór **24 November 2025** en ter wille van die



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

administrasie versoek ons u om asseblief deur die loop van die jaar sover moontlik by dié getal te hou.

## A. ***BESTELLING VAN GEDRUKTE KOPIEË VAN DIE BOODSKAPPER***

**INTEKENGELD VIR 2026 (Daar is 10 uitgawes per jaar)**
***Opsies vir gedrukte kopieë***

1. ***R260,00 per jaar wanneer 25 gedrukte eksemplare of meer*** deur 'n gemeente bestel word.
2. R260,00 per jaar ***vir 'n gemeente wat minder as 25 besoekpunte het***, mits vir elke besoekpunt ingeteken word; anders R370,00 per jaar.
3. ***R370,00 per jaar – enkelintekenare*** (vir die nodige vorm stuur asseblief 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za).

## B. ***ELEKTRONIESE INTEKENING OP* DIE BOODSKAPPER-*TOEPASSING***

Ons is baie opgewonde oor die mate waartoe *Die Boodskapper* met sy eie toepassing vir slimtoestelle, gedurende die jaar gegroei het. Ons wil graag soveel moontlik gemeentelede aanmoedig om van hierdie toepassing gebruik te maak en moedig ook gemeentes aan om hul lidmate te help om hierop in te teken. Onthou asseblief dat sekere dele van die toepassing gratis sal wees, maar die grootste gedeelte van 'n uitgawe sal slegs deur middel van subskripsie toeganklik wees. Daar is twee maniere waarop lidmate kan inteken op die toepassing vir volle toegang en die opsies is as volg:

1. **Inteken van HELE gemeente @ R60 per belydende lidmaat per jaar.**
   Hierdie bedrag is slegs geldig indien alle belydende lidmate in die gemeente daarop ingeteken word – d.w.s. die hele gemeente. Dus, aantal belydende lidmate soos in *Statistiek en Inligting 2026* x R60. Ons faktureer dan u gemeente dienooreenkomstig en reik dan 'n **unieke koeponkode** aan u gemeente uit wat geldig is vir die hoeveelheid lidmate. U kan dan daardie kode na lidmate uitstuur en hulle vra om dit as betaalmetode tydens registrasie op die toepassing te gebruik. Hierdie kode sal hulle vir 'n volle jaar toegang tot die inhoud van die toepassing gee. Indien u nuwe lidmate deur die loop van die jaar bykry wat u ook op die toepassing wil inskryf, kan u ons net laat weet sodat ons nuwe koeponkodes kan uitreik (u sal nie weer daarvoor hoef te betaal nie).

   As bonus stuur ons genoeg koeponkodes uit sodat die dooplidmate ook op die toepassing kan inteken, plus 'n aantal ekstra koeponkodes gelykstaande aan 'n



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

tiende van u lidmaattal. Laasgenoemde kan gebruik word om meningsvormers op die toepassing in te teken.

2. **R120 per jaar vir enkele elektroniese intekenare**. Hierdie opsie is vir kerkrade wat steeds gedrukte weergawes wil bestel, maar wat ook enkele lidmate het wat die elektroniese weergawe (toepassing) verkies. Kerkrade kan hierdie intekening op een van twee maniere bestuur:
    a. Die kerkraad laat weet ons hoeveel lidmate op die toepassing wil inskryf en betaal die geld daarvoor oor. Ons reik dan ’n koeponkode uit wat geldig is vir die hoeveelheid lidmate waarvoor betaal word en waarmee hulle dan op die toepassing kan registreer.
    b. Die kerkraad moedig bloot individuele lidmate aan om op die toepassing self te registreer en sommer daar hul R120 intekengeld vir die jaar te betaal.

Ons hoop dat die toepassing die lesertalle van *Die Boodskapper* sal verhoog en ons wil graag kerkrade en lidmate aanmoedig om hierdie toepassing onder die breër publiek se aandag te bring en dit selfs te oorweeg om spesifieke leiersfigure elektronies daarop in te teken. Die terugvoer van veral ouer lidmate is baie positief aangesien hulle die skrif op ’n toestel maklik kan vergroot of sommer na ’n opname van die artikels kan luister. Oorweeg dit om ’n demonstrasie te hou waartydens u vir lidmate wys hoe die toepassing werk en hulle sommer help om daarop te registreer.

***INTEKEN METODE EN BESTELLINGS VIR 2026***

Net soos met die bestellings van die Dagstukkies, sal bestellings vir *Die Boodskapper* ook weereens **elektronies** gedoen word, maar indien u sukkel met die sisteem, stuur asseblief ’n e-pos aan boodskapper@apk.co.za.

Klik asseblief op hierdie skakel om u gemeente se bestelling(s) te plaas: https://bit.ly/3SkMNDO

***ONTHOU ASSEBLIEF DIE SPERDATUM VAN 24 NOVEMBER 2025***

**U kerkraad kan u gemeente se rekening vir *Die Boodskapper* op een van die volgende maniere vereffen:**

1. Die volle bedrag verskuldig (vooruitbetaalbaar teen 24 November 2025).
2. Verdeel die volle bedrag tussen 1-12 paaiemente (volle bedrag betaalbaar vóór 23 November 2026).
3. Gee ’n bydrae volgens die kerkraad se vermoë. **Indien dit minder is as die volle bedrag waarvoor u aanspreeklik is, moet u versoek eers deur die Publikasiekommissie (PK) oorweeg word. Indien die PK nie so ’n versoek**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

**ontvang en gunstig oorweeg het nie, sal u gemeente slegs die aantal eksemplare gelykstaande aan die bedrag wat u inbetaal, ontvang.** Hou in so ’n geval asseblief in gedagte dat ’n ander kerkraad dan vir u balans sal moet instaan.

***DIE BOEKWINKEL***

Ons wil eerstens al ons gemeentes en lidmate bedank vir hulle ondersteuning deur die jaar. Neem asseblief kennis dat **25 November 2025** die laaste kans is vir bestellings by *Die Boekwinkel* (per e-pos). Enige bestellings ná hierdie afsnydatum sal ongelukkig moet oorstaan tot volgende jaar. Hou dus rekening hiermee ten opsigte van byvoorbeeld die bestelling van verbondsonderrigmateriaal vir 2025.

Webbladbestellings sluit **5 Desember 2025**.

Vriendelike groete



**Ds. HSW Strauss**
**Publikasiehoof: Lig in Duisternis Uitgewers**